market iq

**Publication:** Rapport Tweede Uitgawe
**Page:** 7
**Title:** 'n Stelsel wat kinders knak
**Publish Date:** 15 September 2024
**AVE:** 402713.43
**Author:** Magdel Louw

> As jy 150 gevalle op jou lessenaar het en jy is één mens, belowe ek jou: Iewers gaan jy die bal laat val. Dan gáán 'n kind seerkry.

# 'n Stelsel wat kinders knak

Het die staat kinderslagoffers soos Deveney Nel in die steek gelaat? **Magdel Louw** praat met maatskaplike werkers oor hierdie brandpunt ná die opspraakwekkende moord in Caledon.

'Ons kinders word verniétig in hierdie land. Verniétig. Elke paar minute. Maar die maatskaplike werkers wie se mandaat dit is om daardie kinders te beskerm, het glád nie die nodige hulpbronne of geld om daardie werk te doen nie."

Aan die woord is prof. Elmien Crofford, senior maatskaplike werker en navorser van psigososiale gemeenskapsnavorsing (Compres) aan die Noordwes-Universiteit (NWU).

Sy weet, want sy werk self al jare lank as statutêre maatskaplike werker in die veld.

"Ons ly aan morele angs omdat ons wéét wat om te doen en ons wíl dit doen, maar ons kan eenvoudig nie, want ons werksomstandighede en nodige ondersteuning laat dit net nie toe nie."

Die moord op Deveney Nel werp die soeklig op die gebroke stelsel nadat dit bekend geword het die 17-jarige beskuldigde is vier jaar gelede weens die verkragting van 'n 11-jarige meisie aangekla.

Desondanks is die seun toegelaat om terug te keer na 'n gewone hoërskool en was die Hoërskool Overberg onbewus van sy beweerde gewelddadige verlede.

Dit is steeds onduidelik waar die proses skeefgeloop het, met nóg die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG), nóg die landdros, nóg die departement van maatskaplike dienste wat verantwoordelikheid aanvaar.

"Die probleme met kindermishandeling in Suid-Afrika wat nie reg hanteer word nie, is 'n sistemiese probleem.

" 'n Statutêre maatskaplike werker is maar één kardinale rolspeler in die proses wat 'n groot uitwerking het op hoe 'n saak hanteer word. Maar hulle is onder meer afhanklik van 'n landdros, polisiebeampte én die regstelsel dat dinge reg gebeur, asook van gunstige werkomstandighede wat hulle toelaat om hul werk goed te doen.

"As jy 150 gevalle op jou lessenaar het en jy is één mens, belowe ek jou: Iewers gaan jy die bal laat val. Dan gáán 'n kind seerkry en die media gaan daaroor berig. Maar tog is daar geen kollig op die werksomstandighede van dié absoluut noodsaaklike professionele mense in die veld nie.

"Eers op die dag wat iets met jou kind gebeur en jy is afhanklik van munisipale werkers of 'n polisiebeampte wat jou verklaring moet afneem, gaan mense proe wat gaan aan in die stelsel. Dán gaan hulle huil en kwaad wees, en besef wat 'n verskriklike belangrike werk al daardie mense doen."

Wat ook 'n groot rol speel, sê Crofford, is hoe "gefragmenteer" die stelsel is.

"Hier sit die polisieman, daar is die statutêre maatskaplike werker, hier is die dokter wat die J88-vorm moet voltooi, dáár is die berader wat ná die tyd terapie moet gee.

> **Spesiale terapie nodig vir dié kinders.**

"Almal werk in aparte silo's. Die gevolg is dat kinders wéér getraumatiseer word in die einste stelsel wat hulle moet nader sodra hulle mishandel is."

Om te begin om dié probleme die hoof te bied is sy besig met 'n beleidsvoorstel waarin sy die regering in die parlement gaan "smeek" om drasties beter finansiering vir die verskeie rolspelers betrokke by kinderbeskerming.

"Die omstandighede waarin baie van hierdie rolspelers moet werk, maak dat hulle regtig nie hulle werk kan doen nie," sê sy.

Nie net word hulle nie naastenby genoeg betaal nie, daar is 'n nypende tekort aan basiese hulpbronne soos telefoonlyne en voertuie.

"Daar is net nie genoeg kinder- en jeugsorgsentrums met gespesialiseerde programme vir sulke kinders nie, en die stelsel hou gewoon net glad nie by met die spoed waarteen die samelewing agteruitgaan nie."

Dit is ook 'n geváárlike werk. Crofford kan getuig daarvan.

"Ek is al aan my hare getrek, my kar se ruite is al uitgegooi, ek is al gespoeg in my gesig, en ek is al amper verkrag - en ander maatskaplike werkers gaan vir jou dieselfde sê."

Retha Bloem, navorsingsdirekteur vir Compres, sê die situasie hou haar snags wakker.

"Elke keer as iets soos die Deveney-saak gebeur, voel dit vir my of 'n deel van my sterf.

"Ek is oortuig die absoluut sistemiese disfunksionaliteit in Suid-Afrika het direk tot hierdie hartseergebeure aanleiding gegee. Daarby sluit ek nie net maatskaplike werkers in nie, maar die totale hulpverleningspan - van die polisiebeampte tot die landdros tot die sielkundige, die skool en die psigiater. Dit kón verhoed word."

Wat ontbreek, is 'n betroubare "netwerk van netwerke" wat onderlinge samewerking binne maatskaplike hulpverlening moontlik maak.

Dié netwerk moet egter óók gemoniteer word.

"Die ideaal is dat 'n behandelingsplan afdwingbaar is en gemoniteer word deur dieselfde wetgewer wat die instruksie gee.



Die vermoorde tiener Deveney Nel.

> Almal werk in aparte silo's. Die gevolg is dat kinders wéér getraumatiseer word.

"Die wil ontbreek egter om stelsels in werking te stel of te finansier om 'n omgewing sinvol te ondersteun wat onder kapasiteitsprobleme gebuk gaan. Dit vra politieke wil en prioritisering, want as daar nie deurlopend monitering is nie, sál die pap op die grond bly val," sê Bloem.

Dié monitering eindig dikwels sodra 'n aanvanklike "oplossing" gevind is - wat neerkom op die indruk dat sake eenvoudig opgelos kan word deur dit na 'n maatskaplike werker te verwys. Dan is die werk mos kwansuis gedoen, sê sy.

"Maar dit is gewoon nie goed genoeg om 'n verslag te lewer en net die *buck* te *pass* nie, veral as jy wéét daar is nie hulpverleningstrukture daarbuite nie."

Veral landelike gebiede sukkel erg.

"Wat mense nie besef nie, is dat 'n maatskaplike werker nie veronderstel is om in isolasie te werk nie. In sake soos hierdie is 'n multidissiplinêre benadering nodig waar ook 'n kliniese sielkundige, arbeidsterapeut en psigiater betrek word. Daardie ondersteuningsnetwerk bestaan gewoon nie."

> Dit is gewoon nie goed genoeg om 'n verslag te lewer en net die *buck* te *pass* nie.

Die maatskaplike werker moet daarom nie gesien word as 'n "wonderwerker" nie, maar wel 'n "netwerker".

"Maatskaplike werkers word dikwels met onhanteerbare, onuithoudbare, onmoontlike probleme gelos sónder hulpmiddels of die nodige netwerk van netwerke om 'n komplekse situasie te probeer oplos. In so 'n geval is nét 'n maatskaplike werker nié genoeg nie."

Edith Kriel, uitvoerende direkteur van Jelly Beanz, wat getraumatiseerde kinders bystaan, sê 'n verdere komplikasie is dat daar verskillende ouderdomskategorieë is waarin kinders aanspreeklik gehou word vir misdade.

'n Kind jonger as 12 jaar word kragtens die Wet op Kindergeregtigheid nie as toerekeningsvatbaar vir misdaad beskou nie en kan nie strafregtelik vervolg word nie. Tussen die ouderdom van 12 en 14 jaar moet eers bewys word 'n kind is toerekeningsvatbaar voordat hulle in hegtenis geneem en vervolg kan word.

"As 'n kind nie toerekeningsvatbaar is nie, val hulle binne die kinderbeskermingstelsel, pleks van die departement van justisie.

"Dít is dikwels waar kinders deur die krake val, want wié is dan verantwoordelik vir wat? En kinders word bloot van een instelling na die ander verwys.

"Boonop is daar min tot geen dienste beskikbaar vir kinders wat skadelike seksuele gedrag toon, want dit is 'n besónder komplekse tipe situasie wat hanteer moet word.

"Jy het baie kundige terapeute nodig om met kwessies van kindermishandeling te werk, en vir kinders wat onvanpaste seksuele gedrag toon, het jy 'n selfs beter gekwalifiseerde terapeut nodig. Min organisasies wat terapeutiese dienste verskaf, sal hulle hande opsteek om met sulke gevalle te werk.



Retha Bloem

"Ek is besorg dat ons nie genoeg organisasies het wat oor die nodige hulpbronne beskik nie, en ook nie genoeg gespesialiseerde mense het om met komplekse kindergevalle te werk nie," sê Kriel.

Daar kan ook nie met 'n kind in isolasie gewerk word nie. Hulle is deel van 'n groter stelsel - 'n gesin, skool of gemeenskap - wat dikwels bydra tot die kompleksiteit van die kind se situasie.



Elmien Crofford

"In die verlede sou ons met so 'n komplekse saak al die rolspelers bymekaar bring. Verskillende rolspelers moet betrokke wees vanuit 'n voorkoming-, ingryping- en aanspreeklikheidperspektief. Dit vereis meer koppe as een. Maar dit gebeur nie meer nie."

Die enorme werkslading eis sy tol.

"Dit voel asof jy nooit by die onderkant van die stapel sake op jou tafel kom nie. En dis dan die kind onderaan dié hoop, wat nooit die aandag kry wat hulle verdien nie."

Dan is diegene wat in die veld werk dikwels ook nie vaardig genoeg nie en benodig hulle verdere opleiding.



Edith Kriel

"Hulle is bloot nie gereed vir wat hulle gaan tref nie. Hulle stap in statutêre poste in waarin jy groot besluite moet neem oor mense se lewe, en as jy jonk en onervare is, is dit 'n groot verantwoordelikheid. En ons maatskaplike werkers ís nie gereed daarvoor nie."

Kriel wys op die etos van die Wet op Kindergeregtigheid wat daarop gemik is om kinders aanspreeklik te hou, maar ook te rehabiliteer.

"Dus verskoon ons nie die gedrag nie, of sê nie die kind het niks verkeerd gedoen nie. Tog wil ons nie hê die kind moet daardie gedrag herhaal nie - en dís waar terapie en ingryping inkom. Daarvoor het ons heeltemal te min hande beskikbaar."

Die huidige stelsel benadeel sowel die slagoffer as die oortreder.

"As ons nie intree by kinders wat onvanpaste seksuele gedrag toon nie, hoe gaan hulle ophou om dit te doen? As ons nie intree nie, hélp ons nie om toekomstige wangedrag te verhoed nie."

Crofford bevraagteken die regering se erns om die situasie te beveg.

"Ons het die beste Grondwet in die wêreld en ons het 'n fantastiese Kinderwet. Dit is pragtig geskryf. Dit eer die beginsel dat die kind se belange die belangrikste is.

"Maar wat as die nodige hulpbronne en mannekrag nie in werking is om daardie Kinderwet uit te voer nie? Hoe ernstig is die regering régtig dan daaroor?"

www.marketiq.co.za | Tel: 011 884 7847 | enquiries@marketiq.co.za

The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, without prior permission of the original publisher.